Storiesterre vir Klein Harte

Die Ster van Bethlehem



ANNABEL LIVERSAGE



Die Ster van Bethlehem

Die hemel was vol opgewondenheid!
Die sterre het voor God se troon
gejubel en gedans.

Iets groot en heilig was op pad!
Maar niemand het geweet wat dit
sou wees nie ...
Die sterre het hul mooiste, blinkste
klere aangetrek.
Hulle het geskitter in die helder lig
van die volmaan.





“Ek sal die beste wees!” het die een ster gesê.
“Ek skyn die helderste!” het ’n ander geroep.
Die sterre het begin regmaak ...
elkeen wou die mooiste wees vir die groot werk.

Die Aandster het statig vorentoe
gegly in haar blink gewaad, wat soos
sagte goud geskyn het.
“Ek waak oor die nag,” het sy sag
gesê.





Die Môrester het gaap-gaap
aangekom, maar toe helder begin
skyn.
“Ek bring die nuwe dag!” het hy
vrolik gesê.

Orion en sy sewe sterre het trots gestaan, soos dapper wagters in hul netjiese manelpakke.
“Ons is sterk en gereed!” het hulle gesê.





Die Melkweg het soos ’n stroom lig
ingestap, in sagte wit gewade wat
agter hulle vloei.
Hulle het stil en sierlik beweeg, soos
’n hemelse optog.

Die Engel het voor ’n ster stil gaan staan ...

Die gekose ster het sag begin gloei.
Nie die helderste nie, maar die mooiste lig van almal.
“Jy sal die pad wys,” het die stem liefdevol gesê.
Die ster het effens gebewe.
“Ek?” fluister hy sag.
“Ja,” kom die antwoord,
“jy sal die wêreld na die Jesus lei.”





Stadig … baie stadig … het die ster
begin beweeg.
Hy het oor die donker aarde geskyn,
soos ’n sagte lig wat die pad wys.

Waar hy verbygaan, het mense
opgekyk.
“Het jy dit gesien?”





Op ’n stil veld het skaapwagters gesit.
Die nag was koud en donker.
Die skape het rustig gelê ... “mee-ê...
mee-ê...”
’n Klein lammetjie lig sy koppie.

Skielik ... het die hemel oopgegaan!
Lig het rondom hulle geskyn.
Die skape het opgespring! “mee-ê!
mee-ê!”
Die donkie spits sy ore.
“Moenie bang wees nie,” sê die engel.
“Ek bring goeie nuus!”





Ver weg ... het wyse manne die ster gesien.
“Dit is nie ’n gewone ster nie,” het hulle gesê.
Hulle het hul goed gepak; en die ster gevolg.

Die ster het stil gaan staan bo ’n
klein, eenvoudige dorpie.





Die donkie, moeg van die reis, spits
sy ore en stap nader.
Die bees kyk op en snuif diep ... asof
hy weet iets groots het gebeur.
Op die dak koer ’n wit duif sag ...
soos ’n lied.

Toe ... het stilte neergesak.
Drie wyse manne stap nader.
Frik en Freek, die tweelingvarkies,
staar na die groot sakke.
“Hierdie manne is belangrik!”



Agie, die speenvarkie, glip nader.
Hy hoor die twee koeie, Mia en
Emma sing.
Al sy haartjies staan regop.
Hy wéét: “hier is iets besonders!”
“Snork ... snork ...”





En daar ... in die voerbak lê 'n klein babatjie, Jesus ...
Agie draai om en hardloop om die blye nuus te vertel.



Die wyse manne kniel neer.
Hulle bring goud, wierook en mirre.

In die stal het alles stil geword ...
heilig.
Selfs die diere het nader gekom.





Die ster het sag oor Hom geskyn soos ’n lig van liefde.
En die Ster van Bethlehem het bly skyn … nie net in die hemel nie, maar ook in mense se harte.

En oral het kinders begin sing ... van die lig, en van Jesus.

Slotgedagte

Jy hoef nie die grootste te wees om die lig te dra nie.
God gebruik elkeen ... om Sy liefde te wys.

